BERGER, PL & GODSELL, B 1988: *A Future South Africa (Visions, Strategies and Realities)*. Kaapstad: Human & Rousseau - Tafelberg. pp. 344. R24.95

In hierdie publikasie word daar deur 'n groot aantal gerespekteerde akademici en navorsers weer na ons politieke situasie gekyk. Hoewel daar uiteraard verskillende perspektiewe gestel word, is die publikasie veral treffend vanweë sy nugtere analise van die verskillende akteurs (van ver regs tot ver links) se betrokkenheid by ons politieke krisis van vandag.

Daar word byvoorbeeld krities gekyk na die regering

en die Nasionale Party se strategie, die regse opposisie se uitgangspunte, die ANC en ander versetgroepe, interne versetbewegings, die sogenaamde inkrementaliste soos die Arbeidersparty, die ekonomie se rol, die VSA en uiteindelik 'n vergelykende perspektief op ander multikulturele samelewings. Ten slotte gee Berger en Godsell in die slothoofstuk hulle eie toekomsvisie. Die publikasie wys daarop dat dit op die ou ent om mag gaan, maar daar word baie feitelike inligting verskaf om te verseker dat elke perspektief gebalanseerd, goed gedokumenteerd en empaties gestel word. In hierdie opsig is die publikasie dus eintlik 'n gedokumenteerde indeks van die verskillende alternatiewe wat op die tafel is. Tog is die boodskap tot op hierdie stadium redelik depressief - elke groep is besig om hulleself in hulle eie vooroordele te ''verskans'' terwyl die konflik aan die eksaleer is. Die vraag is, is daar 'n uitweg?

Een oplossing is natuurlik dat die strydende groepe die saak gewoon moet uitbaklei. Hierdie oplossing sal op die ou end niemand baat nie. 'n Ander benadering is die een wat die skrywers voorstel, dat die magshebbers eintlik oorreed moet word om vrywillig van hulle mag afstand te doen. Hierdie uitgangspunt mag teoreties verkiesliker lyk, maar dit is 'n ope vraag of dit in die gepolariseerde opset in ons land sal werk. Ter stawing van hulle strategie word daar onder andere verwys na die feit dat daar in die vorige eeu in Japan groot sukses behaal is met hervormings deurdat die regerende minderheid ''verlei'' is om hulle feodale magsposisie prys te gee maar terselfdertyd 'n leidende aandeel in die nuwe bedeling verkry het. Dit is hierdie eksemplaar wat die skrywers graag op Suid-Afrika sou wou toepas. Die diepgewortelde rassisme van ons eie maatskappy plaas egter 'n groot vraagteken oor die moontlikheid dat hierdie eksperiment ook in ons land vrugbaar toegepas sou kon word.

In die slothoofstuk word daar ook na enkele ander voorbeelde verwys wat deur baie bygesleep word om lig te werp op ons situasie. Hier word daar gedink aan Algerië, die stryd om gelykheid in die VSA, gebeure in die Fillipyne, Sjina, en so meer. Die Rhodesiese parallel word ook gebruik deur persone aan sowel die linker- as die regterkant van die regering. Volgens die skrywer is hierdie vergelyking 'n ongelukkige een, omdat Zimbabwe 'n kolonie was, die demografiese samestelling radikaal van ons eie verskil, Suid-Afrika ekonomies baie sterker is en die struktuur van die politieke samelewing radikaal verskil. Kortom, die gevaar bestaan dat 'n mens parallelle trek wat gewoon nie op akademiese gronde verantwoordbaar is nie. Hiervan kan veral heelwat van ons regse vriende kennis neem.

Hierdie boek is 'n uiters interessante en wetenskaplike beredenering oor die opsies wat daar vir Suid-Afrika bestaan. Ongelukkig is daar nie baie Suid-Afrikaners wat hulle die moeite getroos om publikasies van hierdie aard onder oë te neem nie. Die publikasie bly egter desondanks sterk aan te bevele.

M.H. Trümpelmann